Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2525 | PRYS 20c PRICE, OORSEE 30c OVERSEAS, POSVRY — POST FREE | REGULATION GAZETTE No. 2525

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 146] PRETORIA, 31 AUGUSTUS / 31 AUGUST 1977 [No. 5731

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 202, 1977

NUWE VOORSIENING VIR DIE ADMINISTRASIE VAN WALVISBAAI

Nademaal die hawe en nedersetting Walvisbaai vanaf 7 Augustus 1884 'n deel uitgemaak het van die Kolonie die Kaap die Goeie Hoop en as sodanig geadministreer en daar daarvoor as sodanig wette gemaak is tot 30 Mei 1910;

En nademaal genoemde hawe en nedersetting vanaf 31 Mei 1910 'n deel uitgemaak het van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop en as sodanig geadministreer en daar daarvoor as sodanig wette gemaak is tot 30 September 1922;

En nademaal vanaf 1 Oktober 1922 en ingevolge die Wet betreffende Aangelegenheden van Zuidwest-Afrika, 1922 (Wet 24 van 1922), genoemde hawe en nedersetting om doelmatigheidsredes geadministreer en daarom daardie rede daarvoor wette gemaak is asof dit 'n deel van die gebied Suidwes-Afrika uitgemaak het en asof inwoners daarvan inwoners van genoemde gebied was;

En nademaal dit dienstig en wenslik is om genoemde hawe en nedersetting weer as 'n deel van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop te administreer en om weer daarvoor as so 'n deel wette te maak:

Maak ek derhalwe kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), die wette in die Bylae uiteengesit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. VORSTER.

BYLAE

Woordomskrywing

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie—

(i) "Administrateur" die Administrateur van die provinsie; (i)

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 202, 1977

NEW PROVISION FOR THE ADMINISTRATION OF WALVIS BAY

Whereas from 7 August 1884 the port and settlement of Walvis Bay formed part of the Colony of the Cape of Good Hope and was administered and legislated for as such until 30 May 1910;

And whereas from 31 May 1910 the said port and settlement has formed part of the Province of the Cape of Good Hope and was administered and legislated for as such until 30 September 1922;

And whereas from 1 October 1922 and in terms of the South-West Africa Affairs Act, 1922 (Act 24 of 1922), the said port and settlement was for reasons of expediency administered and legislated for as if it were part of the Territory of South-West Africa and as if inhabitants thereof were inhabitants of the said Territory;

And whereas it is expedient and desirable again to administer and legislate for the said port and settlement as part of the Province of the Cape of Good Hope;

Now, therefore, under section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I make the laws set out in the Annexure.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. VORSTER.

ANNEXURE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

(i) "Administrator" means the Administrator of the province; (i)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (v)

(iii) "Minister" 'n Minister van die Republiek bedoel in artikel 20 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961); (ii)

(iv) "provinsiale raad" die provinsiale raad van die provinsie; (iv)

(v) "provinsie" die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop; (iii)

(vi) "Walvisbaai" die hawe en nedersetting Walvisbaai vermeld in die Walfish Bay and St. John's River Territories Annexation Act, 1884 (Wet 35 van 1884 van die Kaap die Goeie Hoop), en ook die gebied wat dit omring en begrens word soos in genoemde Wet beskryf. (vi)

Administrasie van Walvisbaai, en gelding daarin van wette van krag daarin en in die provinsie

2. (1) Walvisbaai hou op om geadministreer te word asof dit 'n deel van die gebied was en asof inwoners daarvan inwoners van die gebied was, en word weer as 'n deel van die provinsie geadministreer.

(2) Behoudens die bepalings van paragraaf 4, bly 'n wet wat op die datum onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie subparagraaf in genoemde Walvisbaai van krag was, van krag daarin totdat dit herroep word of behalwe vir sover dit gewysig of verander word ingevolge hierdie Proklamasie of 'n ander wet.

(3) 'n Wet wat in die provinsie van krag is en nie reeds in Walvisbaai in werking is nie, of wat in die provinsie van krag word, is, behoudens die bepalings van paragraaf 3, ook in genoemde Walvisbaai van toepassing.

Bevoegdhede van Administrateur betreffende sekere wette wat in Walvisbaai geld

3. (1) Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die provinsie—

(a) verklaar dat 'n bepaling van 'n wet in paragraaf 2 (3) beoog wat betrekking het op 'n aangeleentheid wat aan die provinsiale raad toevertrou is, in Walvisbaai in werking tree op 'n datum, en onderworpe aan die wysigings, byvoegings, veranderings, uitsonderings of voorwaardes, in die proklamasie vermeld;

(b) 'n bepaling van 'n wet wat in Walvisbaai van krag is en betrekking het op 'n aangeleentheid wat aan die provinsiale raad toevertrou is, herroep, wysig of verander.

(2) 'n Proklamasie wat kragtens subparagraaf (1) uitgevaardig word, kan die oorgangsbepalings bevat wat die Administrateur goedvind.

(3) Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die provinsie 'n proklamasie wat hy kragtens hierdie paragraaf uitgevaardig het, wysig of herroep en, indien hy dit nodig ag, verklaar dat 'n proklamasie kragtens hierdie paragraaf uitgevaardig terugwerkende krag het.

(4) 'n Proklamasie wat die Administrateur kragtens hierdie paragraaf uitgevaardig het, moet in die provinsiale raad ter Tafel gelê word binne 14 dae vanaf die afkondiging daarvan, indien die provinsiale raad in gewone sessie is of, indien dit nie in gewone sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

(5) Subparagrawe (1) tot (4) van hierdie paragraaf hou op 30 Junie 1978 op om van krag te wees, maar 'n Proklamasie wat kragtens hierdie paragraaf uitgevaardig is en onmiddellik voor bedoelde datum van krag is, bly van krag asof genoemde subparagrawe nie opgehou het om van krag te wees nie.

(ii) "Minister" means a Minister of the Republic referred to in section 20 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961); (iii)

(iii) "province" means the Province of the Cape of Good Hope; (v)

(iv) "provincial council" means the provincial council of the province; (iv)

(v) "territory" means the Territory of South-West Africa; (ii)

(vi) "Walvis Bay" means the port and settlement of Walfish Bay mentioned in the Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Act 35 of 1884 of the Cape of Good Hope), and includes the territory surrounding it and bounded as described in the said Act. (vi)

Administration of Walvis Bay, and application therein of laws in force therein and in the province

2. (1) Walvis Bay shall cease to be administered as if it were part of the territory and as if inhabitants thereof were inhabitants of the Territory and shall again be administered as part of the province.

(2) Any law in force in the said Walvis Bay on the date immediately prior to the date of coming into operation of this subparagraph shall, subject to the provisions of paragraph 4, continue to apply therein until repealed, or except in so far as it may be amended or modified, in terms of this Proclamation or any other law.

(3) Any law in force in the province and not already in operation in Walvis Bay or any law coming into force in the province shall, subject to the provisions of paragraph 3, also apply in the said Walvis Bay.

Powers of Administrator in regard to certain laws applicable in Walvis Bay

3. (1) The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* of the province—

(a) declare that any provision of any law contemplated in paragraph 2 (3) and relating to any matter entrusted to the provincial council shall come into operation in Walvis Bay on a date and subject to such amendments, additions, modifications, exceptions or conditions, as may be specified in the proclamation;

(b) repeal, amend or modify any provision of any law in force in Walvis Bay and relating to any matter entrusted to the provincial council.

(2) Any proclamation issued under subparagraph (1) may contain such transitory provisions as the Administrator may deem fit.

(3) The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* of the province amend or repeal any proclamation issued by him under this paragraph and, if he considers it to be necessary, declare any proclamation issued under this paragraph to be of retrospective effect.

(4) Any proclamation issued under this paragraph by the Administrator shall be laid on the Table of the provincial council within 14 days of promulgation thereof if the provincial council is in ordinary session or, if not in ordinary session, within 14 days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

(5) Subparagraphs (1) to (4) of this paragraph shall cease to be of force and effect on 30 June 1978, but any proclamation issued under this paragraph and in force immediately prior to that date shall remain in force as if the said subsections had not so ceased to be of force and effect.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Uitleg van sekere uitdrukkings

4. Tensy dit in 'n bepaalde geval klaarblyklik onvanpas sou wees, word 'n verwysing in 'n wet in paragraaf 2 (2) bedoel—

(a) na die Wetgewende Vergadering van die gebied uitgelê as 'n verwysing na die Parlement of die provinsiale raad, na gelang die samehang vereis;

(b) na die Administrateur van die gebied uitgelê as 'n verwysing na die gepaste Minister of die Administrateur van die provinsie, na gelang die samehang vereis;

(c) na die Administrasie van die gebied uitgelê as 'n verwysing na die gepaste Staatsdepartement van die Republiek of die Provinsiale Administrasie van die provinsie, na gelang die samehang vereis;

(d) na 'n beampte of gesag van die Administrasie van die gebied uitgelê as 'n verwysing na 'n beampte of gesag wat 'n ooreenstemmende betrekking beklee, of 'n ooreenstemmende werksaamheid verrig, in genoemde Departement of in genoemde Provinsiale Administrasie, na gelang die samehang vereis of, indien daar nie so 'n beampte of gesag is nie, 'n beampte of gesag van daardie Departement aangewys deur die Minister wat dit administreer, of 'n beampte of gesag van laasgenoemde Administrasie deur die Administratreur aangewys, na gelang die samehang vereis;

(e) na die *Offisiële Koerant* van die gebied uitgelê as 'n verwysing na die *Staatskoerant* of die *Offisiële Koerant* van die provinsie, na gelang die samehang vereis;

(f) na die Inkomstefonds van die gebied uitgelê as 'n verwysing na die Staatsinkomste fonds of die provinsiale inkomstefonds van die provinsie, na gelang die samehang vereis;

(g) na die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n beampte daarvan uitgelê as 'n verwysing na die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop van die Hooggeregshof van die Suid-Afrika of na die beampte wat 'n ooreenstemmende betrekking in laasgenoemde Afdeling beklee, na gelang van die geval.

Verkiesingsaangeleenthede

5. Walvisbaai hou op om 'n deel van die kiesafdeling Omaruru vir die verkiesing van Volksraadslede te wees en word geag te alle tersaaklike tye nie 'n deel daarvan te gewees het nie, en word 'n deel van die kiesafdeling Namakwaland en word geag te alle tersaaklike tye 'n deel daarvan te gewees het.

Beskikbaarstelling van dienste, fasiliteite of goed, en oordrag van goed, vir die doeleindes van die administrasie van Walvisbaai

6. (1) Vir die doeleindes van die administrasie van Walvisbaai—

(a) kan die Staat, met inbegrip van die Provinsiale Administrasie van die provinsie, op die voorwaardes waarop ooreengekom word, dienste, fasiliteite of goed ter beskikking van die Administrasie van die gebied stel; en

(b) kan die Administrasie van die gebied, op die voorwaardes waarop ooreengekom word, dienste, fasiliteite of goed ter beskikking stel van die Staat, met inbegrip van die Provinsiale Administrasie van die provinsie.

(2) Die Administrasie van die gebied kan op die voorwaardes waarop ooreengekom word, roerende goed, en onroerende goed geleë in Walvisbaai, wat deur hom vir die doeleindes van die administrasie van Walvisbaai gebruik is, aan die Staat, met inbegrip van die Provinsiale Administrasie van die provinsie, oordra.

Interpretation of certain expressions

4. Unless in any particular case it would obviously be inappropriate, any reference in any law referred to in paragraph 2 (2)—

(a) to the Legislative Assembly of the Territory shall be construed as a reference to Parliament or to the provincial council, as the context may require;

(b) to the Administrator of the Territory shall be construed as a reference to the appropriate Minister or to the Administrator of the province, as the context may require;

(c) to the Administration of the Territory shall be construed as a reference to the appropriate Department of State of the Republic or to the Provincial Administration of the province, as the context may require;

(d) to an officer or authority of the Administration of the Territory shall be construed as a reference to an officer or authority holding a corresponding office or performing a corresponding function in the said Department or in the said Provincial Administration, as the context may require or, if there is no such officer or authority, any officer or authority of that Department designated by the Minister administering it, or any officer or authority of the last-mentioned Administration designated by the Administrator, as the context may require;

(e) to the *Official Gazette* of the Territory shall be construed as a reference to the *Gazette* or to the *Official Gazette* of the province, as the context may require;

(f) to the Revenue Fund of the Territory shall be construed as a reference to the State Revenue Fund or to the provincial revenue fund of the province, as the context may require;

(g) to the South-West Africa Division of the Supreme Court of South Africa or to any officer thereof shall be construed as a reference to the Cape of Good Hope Provincial Division of the Supreme Court of South Africa or to the officer holding a corresponding office in the last-mentioned Division, as the case may be.

Electoral matters

5. Walvis Bay shall cease to be part of the Electoral Division of Omaruru for the election of members of the House of Assembly and be deemed not to have been part thereof at all relevant times, and shall become part of the Electoral Division of Namakwaland and be deemed to have been part thereof at all relevant times.

Rendering available of services, facilities or property, and transfer of property, for purposes of the administration of Walvis Bay

6. (1) For the purposes of the administration of Walvis Bay—

(a) the State, including the Provincial Administration of the province, may, on such terms and conditions as may be agreed upon, place services, facilities or property at the disposal of the Administration of the territory; and

(b) the Administration of the territory may, on such terms and conditions as may be agreed upon, place services, facilities or property at the disposal of the State, including the Provincial Administration of the province.

(2) The Administration of the territory may, on such terms and conditions as may be agreed upon, transfer movable property, and immovable property situated in Walvis Bay, used by it for the purposes of the Administration of Walvis Bay, to the State, including the Provincial Administration of the province.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Herroeping en wysiging van wette

7. Die wette in die Tabel vermeld word hierby herroep of gewysig in die mate uiteengesit in die derde kolom daarvan.

Kort titel en inwerkingtreding

8. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Administrasie van Walvisbaai en tree op 1 September 1977 in werking.

TABEL

WETTE HERROEP OF GEWYSIG

No. en jaar van Wet	Titel	Omvang van herroeping of wysiging
Wet 24 van 1922	Wet betreffende Aangelegenheden van Zuidwest-Afrika, 1922	Die herroeping van die geheel.
Wet 39 van 1968	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968	Die herroeping van artikel 36.

No. R. 203, 1977

WYSIGING VAN DIE WET OP DIE HOOGGEREGSHOF, 1959 (WET 59 VAN 1959) MET BETREKKING TOT DIE HAWE EN NEDERSETTING WALVISBAAI

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), wysig ek hierby met ingang van 1 September 1977 die Eerste Bylae by die Wet op die Hooggeregshof, 1959, deur in die derde kolom in die omskrywing van die regsgebied van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika die woorde "en die hawe en nedersetting Walvisbaai" te skrap.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. T. KRUGER.

No. R. 204, 1977

DIE HAWE EN NEDERSETTING WALVISBAAI.—VERSKAFFING VAN STERK DRANK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), bepaal ek hierby dat die bepalings van die Drankwet, 1928 (Wet 30 van 1928), met ingang van 1 September 1977 nie op die hawe en nedersetting Walvisbaai, vermeld in die Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Wet 35 van 1884 van die Kaap die Goeie Hoop), en ook die gebied wat dit omring en begrens, soos in genoemde Wet beskryf, van toepassing is nie, en dat die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Dranklisensieraad, ingestel by artikel 12 van die Drankordonnansie, 1969 (Ordonnansie 2 van 1969 van die gebied Suidwes-Afrika), vir sover hulle van toepassing is op genoemde hawe en nedersetting en die gebied wat dit omring en begrens soos voormeld, aan die Nasionale Drankraad, ingestel kragtens artikel 118*bis* van die Drankwet, 1928, opgedra en toegewys word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. T. KRUGER.

Repeal and amendment of laws

7. The laws specified in the Schedule are hereby repealed or amended to the extent set out in the third column thereof.

Short title and commencement

8. This Proclamation shall be called the Walvis Bay Administration Proclamation and shall come into operation on 1 September 1977.

SCHEDULE

LAWS REPEALED OR AMENDED

No. and year of Law	Title	Extent of repeal or amendment
Act 24 of 1922	South-West Africa Affairs Act, 1922	The repeal of the whole.
Act 39 of 1968	South-West Africa Constitution Act, 1968	The repeal of section 36.

No. R. 203, 1977

AMENDMENT OF THE SUPREME COURT ACT, 1959 (ACT 59 OF 1959) RELATING TO THE PORT AND SETTLEMENT OF WALVIS BAY

Under the powers vested in me by section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby amend with effect from 1 September 1977 the First Schedule to the Supreme Court Act, 1959, by the deletion in the third column in the description of the area of jurisdiction of the South-West Africa Division of the Supreme Court of South Africa of the words "and the port and settlement of Walvis Bay".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. T. KRUGER.

No. R. 204, 1977

THE PORT AND SETTLEMENT OF WALVIS BAY.—SUPPLY OF INTOXICATING LIQUOR

Under and by virtue of the powers vested in me by section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby declare that the provisions of the Liquor Act, 1928 (Act 30 of 1928), shall with effect from 1 September 1977 not be applicable to the port and settlement of Walvis Bay, mentioned in the Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Act 35 of 1884 of the Cape of Good Hope), and the territory surrounding it and bounded as described in the said Act, and that the powers, functions and duties of the Liquor Licensing Board established by section 12 of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969 of the territory of South-West Africa), in as far as they are applicable to the mentioned port and settlement and the territory surrounding it and bounded as aforesaid, are conferred and assigned to the National Liquor Board established in terms of section 118*bis* of the Liquor Act, 1928.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. T. KRUGER.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. R. 205, 1977

WALVISBAAI EN NEDERSETTING.—HERROEPING EN TOEPASSING VAN SEKERE WETTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), verklaar ek hierby—

(a) dat in hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Walvisbaai" die hawe en nedersetting van Walvisbaai bedoel in die Walfish Bay and St. John's River Territories Annexation Act, 1884 (Wet 35 van 1884 van die Kaap die Goeie Hoop), en ook die gebied wat dit omring en begrens word soos in genoemde Wet beskryf;

(ii) "wette" in paragraaf (c), ook enige regulasies uitgevaardig kragtens 'n wet daarin bedoel;

(b) dat die Naturelle-administrasie-Proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928 van Suidwes-Afrika), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, met ingang van 1 Oktober 1977 ophou om in Walvisbaai van toepassing te wees;

(c) dat die wette vermeld in die eerste kolom van die Bylae, slegs met ingang van die onderskeie datums in die tweede kolom van die Bylae teenoor daardie wette vermeld, in Walvisbaai van toepassing is;

(d) dat 'n verwysing na "naturel" in enige wet van toepassing in Walvisbaai, uitgelê word as 'n verwysing na "Bantoe".

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

Wette wat van toepassing gemaak word	Datum
(a) Die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927)	(a) 1 Oktober 1977.
(b) Die Bantoe-administrasiewet, 1927 Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929)	(b) 1 Oktober 1977.
(c) Bantoes (Afskaffing van Passe en Koordinering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet No. 67 van 1952)	(c) 1 Januarie 1978.
(d) Die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet No. 92 van 1969)	(d) 1 Januarie 1978.

No R. 205, 1977

WALVIS BAY AND SETTLEMENT.—REPEAL AND APPLICATION OF CERTAIN LAWS

Under the powers vested in me by section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby declare—

(a) that in this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

(i) "Walvis Bay" means the port and settlement of Walvis Bay referred to in the Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Act 35 of 1884 of the Cape of Good Hope), and includes the territory surrounding it and bounded as described in the said Act;

(ii) "laws" in paragraph (c) shall include any regulations made under any law contemplated therein;

(b) that the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928 of South-West Africa) and the regulations made thereunder, shall cease to apply in Walvis Bay with effect from 1 October 1977;

(c) that the laws mentioned in the first column of the Schedule shall apply in Walvis Bay only with effect from the various dates mentioned opposite the said laws in the second column of the Schedule;

(d) that any reference to "native" in any law applicable in Walvis Bay shall be construed as a reference to "Bantu".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

Laws made applicable	Date
(a) The Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927)	(a) 1 October 1977.
(b) The Bantu Administration Act, 1927, Amendment Act, 1929 (Act No. 9 of 1929)	(b) 1 October 1977.
(c) The Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act No. 67 of 1952)	(c) 1 January 1978.
(d) The Bantu Taxation Act, 1969 (Act No. 92 of 1969)	(d) 1 January 1978.

FLORA VAN SUIDELIKE AFRIKA

'n Taksonomiese behandeling van die flora van die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland en Suidwes-Afrika. Sal bestaan uit 33 volumes, nie in numeriese volgorde nie.

Reeds beskikbaar:

Vol. 1 (1966). Prys R1,75. Oorsee: R2,20. Posvry.

Vol. 13 (1970). Prys R1. Oorsee: R12. Posvry.

Vol. 26 (1963). Prys R4,60. Oorsee: R5,75. Posvry.

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

FLORA OF SOUTHERN AFRICA

A taxonomic treatment of the flora of the Republic of South Africa, Lesotho, Swaziland and South-West Africa. To be completed in 33 volumes, not in numerical sequence.

Now available:

Vol. 1 (1966). Price R1,75. Overseas: R2,20. Post free.

Vol. 13 (1970). Price R10. Overseas: R12. Post free.

Vol. 26 (1963). Price R4,60. Overseas: R5,75. Post free.

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Nuttige wenke—

1. Adresseer alle posstukke volledig, duidelik en sonder misleidende afkortings.
2. Plaas u eie adres agterop die koevert of omslag.
3. Moenie muntstukke of ander harde artikels in briewe insluit nie.
4. Gebruik posorders of poswissels wanneer geld deur die pos gestuur word.
5. Verpak pakkette behoorlik. Gebruik sterk houers en dik papier en bind dit stewig vas.
6. Maak seker dat die posgeld ten volle vooruitbetaal is.
7. Plak die posseëls in die boonste regterhoek van die koevert of omslag.
8. Verseker u pakkette en registreer waardevolle briewe. Dokumente wat slegs teen hoë koste vervang kan word, moet verkieslik verseker word.
9. Pos vroegtydig en dikwels gedurende die dag. Posstukke wat tot op die laaste oomblik teruggehou word kan vertraging veroorsaak.
10. Verstrek u volledige posadres aan u korrespondente asook u posbusnommer waar van toepassing.
11. *'n Posadres is onvoldoende as die toepaslike poskode weggelaat is.*

Useful hints—

1. Address all mail fully, clearly and without misleading abbreviations.
2. Place your own address on the back of the envelope or wrapper.
3. Do not enclose coins or other hard objects in letters.
4. Send remittances by Postal Order or Money Order.
5. Pack parcels properly, using strong containers and heavy paper. Tie securely.
6. Prepay postage fully.
7. Place postage stamps in the upper right hand corner of the envelope or wrapper.
8. Insure your parcels and register valuable letters. Documents which can only be replaced at considerable cost should preferably be insured.
9. Post early and often during the day. Mail held until the last moment may cause delay.
10. Give your correspondents your correct post office address including your box number where applicable.
11. *A postal address is insufficient when the appropriate postcode is omitted.*

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	PROKLAMASIES		
R. 202.	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Nuwe voorsiening vir die Administrasie van Walvisbaai	1	5731
R. 203.	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Wysiging van die Wet op die Hooggeregshof	4	5731
R. 204.	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Verskaffing van sterk drank ...	4	5731
R. 205.	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Walvisbaai en Nedersetting: Herroeping en toepassing van sekere wette	5	5731

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	PROCLAMATIONS		
R. 202.	South-West Africa Constitution Act (39/1968): New Provision for the Administration of Walvis Bay	1	5731
R. 203.	South-West Africa Constitution Act (39/1968): Amendment of the Supreme Court Act	4	5731
R. 204.	South-West Africa Constitution Act (39/1968): Supply of intoxicating liquor	4	5731
R. 205.	South-West Africa Constitution Act (39/1968): Walvis Bay and Settlement: Repeal and application of certain laws ...	5	5731